

Hoe lieflik is U woning Heer!

Multi-dimensionele kommunikasie met God

Bediening en Bybelverpreiding

Sing saam tot eer van God!

# Die Fontein

Maart 2025 3/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein
Maandblad

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

Maart 2025


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | 01 |
| Geestelike groei | 02 |
| Gemeente-gebeure | 12 |
| Kerkfinansies | 17 |
| Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe | 24 |
| Kinderhoekie | 25 |
| Briewekolom | 28 |
| Snuffelfontein | 29 |


## Gebed vir die maand

**Ons bid saam:**

**"Net een ding het ek van die Here gevra**
**en dit sal ek najaag:**
**dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon**
**om sy goedheid te belewe**
**en daaroor na te dink in sy tempel."**

**Psalm 27:4**



# Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

As jy iemand se opinie sou vra oor 'n erediens en of dit vir hom/haar betekenisvol was, sal die persoon waarskynlik slegs verwys na die preek of die prediker. Daar is egter soveel meer om te sê oor 'n erediens. Dit is immers 'n ontmoeting met ons God en benewens die woorduitleg (preek) vind daar soveel ander aksies tydens 'n erediens plaas. **Hierdie maand fokus ons dus op die erediens en wat dit vir ons kan en behoort te beteken.** Dit is waar die tema "Hoe lieflik is U woninge, o Here!" vandaan kom.

Die vraag moet gevra word waarom ons eredienste bywoon. Gaan dit hoofsaaklik oor wat ons daaruit kan kry? En as jy nie tevrede is nie, bly jy weg of skuif jy aan? Dit is ongelukkig wat baie mense deesdae doen – hulle woon verskillende kerke se eredienste by totdat die prediking hulle tevrede stel. Soms gebeur dit dat sulke mense eers tevrede raak in 'n ander kerkverband waar die woordverkondiging nie noodwendig meer suiwer volgens die Skrif is nie.

Ja, dit gaan wel oor wat jy daaruit kan kry, want die erediens moet jou toerus vir die week wat voorlê, maar eerstens moet dit tog gaan om God te eer. Dan is dit ook nie net die prediking wat tel nie, maar ook al die ander aksies wat tydens 'n erediens plaasvind. Dit sluit in die seënuitsprake, geleentheid om jou geloof te bely, die verootmoediging, die sang, die gebede en die gebruik van die sakramente. Dan moet ons ook nie die gemeenskap van die heiliges miskyk nie. Die liefde wat ons as lidmate teenoor mekaar betoon, is ook baie belangrik.

Ds. Pieter se prediking handel die volgende paar weke oor die erediens en daarom is dit so gepas dat ons Fontein Maandblad ook die soeklig hierop laat val.

Mag ons dan al hoe meer die dieper betekenis van die erediens raaksien en as bruid van Christus eerstens aan Hom die eer wil bring!

- Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

- Skryf jou brief vir die briewekolom en sit dit binne die kollektesakkie tydens die erediens of gooi dit in die boksie by die kennisgewingbord.

# Woordoordenking: Hoe lieflik is U wonings, Heer

Ds. Attie Venter

**1 Petrus 2:4 – 5**
**"Kom na Hom toe en laat julle opbou."**

Petrus praat met mense wat deur God afgesonder is om sy gehoorsame kinders te wees. Ons kan hulle kerkmense noem. Hulle is besprinkel met die bloed van Jesus, gereinig om in gehoorsaamheid aan Hom te leef. Hulle word geroep om sy Lig in hierdie bedeling te wees.

In vers 4 word hulle roeping herbevestig dat hulle al nader aan Hom – **die Lewende Steen** – moet kom. Hy is die hoeksteen van sy Geestelike Huis. Die steen wat eerste en stewig en vas gelê is en waarvandaan die mure presies waterpas en reghoekig uitgemeet sou word. Hierdie geestelike huis vervang die tempel van die Ou-Testamentiese bedeling.

**Nou is God se Huis 'n gebou met 'n Lewende Hoeksteen en voltooi met lewende stene.** Dis die woning wat God se lieflike Woning op aarde moet wees.

En dan die oproep: **"Laat julle as lewende stene opbou".** God het ons nie mooi stene gemaak, stewig verpak en op 'n trok gelaai totdat ons eendag in die hemel afgelewer word nie. Hy is as Bouer besig om elkeen van ons op 'n spesifieke plek in die geestelike huis in te messel volgens elke steen se gawes en sterkpunte. Ons volg nie ons eie koppe oor hoe en waar ons ingemessel wil wees nie, maar ons laat God toe om ons te bou. Ons laat Hom sy doel met ons bereik.

> **"Hy is as Bouer besig om elkeen van ons op 'n spesifieke plek in die geestelike huis in te messel ..."**

**Gelowiges ís sy Lieflike Huis.** Dis hoe Hy sy geroepenes bewaar en die wêreld red. Deur mede-geroepenes bo en langs en onder ons in te messel. Saam vorm ons 'n sterk struktuur met liefde geheg om ook God se ewige Hemelse Woning nóú op aarde te wees.

# Multi-dimensionele kommunikasie met God

Magda du Toit

In vandag se besige lewe is daar baie gesprekke rondom die doel van die erediens en of dit werklik nodig is om dit by te woon.

Ons moet onthou dat die erediens nie net gaan oor jou nie, maar in die eerste plek oor God. **Ons moet besef dat die erediens as 'n geleentheid geskep is om God te ontmoet.**

Al weet ons die Heilige Gees vergesel ons oral waar ons is en gaan, bied die erediens aan ons die unieke geleentheid om met God te kommunikeer.

Kommunikasie is egter 'n tweerigtingproses wat nie net praat insluit nie, maar ook luister.

Die erediens is soveel meer as net die predikant wat 'n preek afsteek. Alles wat in daardie uur gebeur, is gevorm rondom ons ontmoeting met die Here.

Ons hoor wat Hy vir ons wil sê en ons kry die geleentheid om te antwoord deur Hom te loof, te prys, te eer en te aanbid.

**"Hoe ontvanklik gaan ons na die erediens?"**

Dit is nie net 'n eenrigting gesprek nie. Ons kry dus nie net 'n boodskap nie, ons kry ook die geleentheid om deel te neem aan die kommunikasieproses.

**Die Here praat met ons en ons praat terug.** Ons lees tog immers saam Bybel. Ons bid saam. Ons sing saam. Ons, as lede van een liggaam, bou saam aan ons persoonlike verhouding met die Here.

Daarom is daar ook 'n rede vir die manier waarop die erediens saamgestel word. Elke gedeelte in die liturgie werk saam om hierdie verhouding met die Here te versterk.

# Multi-dimensionele kommunikasie met God (vervolg)

Die erediens se sukses hang nie net af van wat die predikant van die preekstoel af sê nie. **Trouens, die waarde wat jy uit die erediens put, hang grootliks af van jou ingesteldheid,** nie net teenoor die predikant nie, maar ook teenoor die geleentheid om Hom te ontmoet.

Hoe ontvanklik gaan ons dus na die erediens? Is jy oop vir hierdie wonderlike ervaring en geleentheid of gaan sit jy in die banke met vooropgestelde filters? Stel jy jou oop sodat God in jou kan werk, of hou jy jou hartsdeur net op 'n skrefie oop?

Ons voorbereiding tot die aanloop van die diens is net so belangrik. Net soos wat ons voorberei vir 'n vergadering of enige ander byeenkoms, net so is dit belangrik om vir die erediens voor te berei.

Paulus het gevra dat die gemeente in Efese vir hom moet bid in hulle voorbereidingsfase (Ef. 6:19)

**"Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak."**

Ons moet dus in ons voorbereiding ook op die predikant en sy werk fokus. Ons moet hom aan die Here opdra sodat die Here se boodskap deur middel van die predikant suiwer by ons kan uitkom.

En hoewel die boodskap wat tydens elke erediens gebring word, belangrik is, is die erediens soveel meer as net daardie boodskap.

**Dit is 'n meelewende ontmoeting en 'n multi-dimensionele kommunikasie-geleentheid met ons Vader. Ons moet seker maak dat ons dit benut.**



# Gebedsbediening: Vind vreugde in die Huis van die Here

Andrie Beumer

Wanneer ons as gelowiges Sondae bymekaarkom tydens ons eredienste is dit omdat daar by ons 'n begeerte moet wees om saam met ander kinders van die Here in Sy teenwoordigheid te kom.

Daar kry ons die geleentheid om deur die woordverkondiging toegerus te word en krag en leiding te kry vir die week wat kom, maar ook om die Here te loof en groot te maak deur saam tot Sy eer te sing.

Hoe wonderlik is dit wanneer die predikant aan die einde van die erediens die wegstuurseën uitspreek. **"Genade en vrede vir julle ...".** Hierdie woorde moet ons elke keer diep raak en ons moet ervaar hoe dit ons rustig maak.

**Daarom:**

**Kom ons bid hierdie maand dat elke lidmaat vreugde sal vind in die erediens omdat ons die Here se teenwoordigheid daar tasbaar ervaar. Bid ook dat ons die woorde wat van die kansel kom in ons lewe sal toepas.**

**Kom ons bid ook dat die Heilige Gees ons, d.m.v. ons sang, sal begeester sodat die vreugde om die Here te loof en prys in ons sal opborrel.**

**Bid verder ook dat wanneer die wegstuurseën uitgespreek word, dit soos sagte reën op ons sal neerdaal en ons die woorde sal indrink en sal ervaar hoe God ons seën.**

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Sing saam tot eer van God!

Magda du Toit

Sang is 'n uitdrukking van ons diepste gevoelens. Het jy al gehoor hoe begeesterd rugby- en sokkerondersteuners op die paviljoen sing om hul span aan te moedig?

**Sing ons almal só tot eer van die Here?** Prys ons Hom só sonder voorbehoud, sonder skugterheid en sonder vrees? Of staan sommiges van ons selfbewus en sing binnensmonds omdat ons bang is iemand gaan vir ons lag? Almal van ons is dalk nie ewe nootvas of musikaal nie, maar ons het almal 'n stem. Sing ons dan nie in die kar saam met die radio of wanneer ons stort nie?

Wie wil jy beïndruk wanneer jy geestelike lof- en dankliedere in die kerk, tydens Bybelstudie of by huisgroepe sing? Ander mense?

Wanneer dit by die lof en aanbidding van die Here kom, is ons nie veronderstel om te sing om ander mense te beïndruk nie. **Jou sang is tussen jou en die Here. Dis 'n gesprek wat jy in sangvorm met die Here voer.**

Moses en Mirjam het met die uittog uit Egipte gesing (Eks. 15). Hulle het met groot dankbaarheid en vreugde gesing omdat God sy volk uit slawerny in Egipte bevry het. Ons lees nie dat hulle geseënd was met besondere sangstemme nie, maar wel dat hulle met vreugde oor hulle verlossing gesing het.

**Om te sing, is een van die heel belangrikste vorme van aanbidding**. Dis 'n geloofsbelydenis oor wie God is en oor wat Hy vir ons gedoen het. Wanneer ons sing, moet ons dus eerder fokus op aanbidding, lof en dank aan God as op mekaar se stemme.

**"Sang is 'n gesprek wat jy in sangvorm met die Here voer ..."**

Ef. 5:19 beklemtoon die belangrikheid van sang as vorm van aanbidding:

**"Sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."**

Dit is belangrik om saam met ander gelowiges te sing, want dis 'n manier om God te loof en prys, dit versterk ons innerlik, dis 'n kragtige wapen teen sondige gedagtes, dit bemoedig ons en dit dien as getuienis in die wêreld.

Ons lees in Ps. 104: **"Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is"** en in Ps. 101 sing Dawid: **"Ek wil sing van goedertierenheid en reg; tot u eer wil ek psalmsing, o Here."**

Kom ons sing met nog meer entoesiasme en opregtheid tot eer van die Here. Kom ons vergeet van "ek kan nie sing nie" en maak dit eerder "ek wil tot eer van my God sing".



# “Genade en vrede vir julle …”

Corrie van Wyk

**Num. 6:24-26**
**“Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.”**

**GENADE**

Ons kan genade nie verdien nie. Genade is nie te koop nie. Die woord “genade” kom 173 keer in die Bybel voor. Keer op keer verseker God sy volk van sy grenslose genade vir hulle. Selfs die heel laaste vers in die Bybel, Op. 22:21, beklemtoon dit: “Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.”

Hoe vertroostend is die ondersteunende genade van God. In Deuteronomium beskryf Moses dit so mooi as “sy arms is altyd onder jou.”

Omdat God se genade vir ons eindeloos is, stuur Hy sy enigste Seun om in ons plek aan die kruis te sterf, om in ons plek vir die sonde te betaal. Jesus Christus sterf sodat ons kan lewe!

Ons kan hierdie genade net in dankbaarheid aanvaar en op ons beurt weer God se genade deurgee aan die mense wat ons lewenspad kruis.

Leef as antwoord op die onverdiende genade in dankbaarheid naby aan God, in die ligkring van sy genade, dag vir dag.

**“Jesus Christus sterf sodat ons kan lewe!”**

**VREDE**

Vrede mét God is ons toegangspoort tot vrede ín God! Ons skuld is betaal: die kruis op Golgota is waarborg daarvan. Rom. 5:1 sê: “God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.”

Vrede met God is die resultaat van ’n intiem-persoonlike verhouding. God is ons vrede en sonder kennis van Hom is ons soektog na vrede nutteloos. Wanneer Christus en sy liefde vir my ’n groter werklikheid word as my probleme, dan kom die “vrede van God.”

Dit was Luther wat gesê het: “Ons ontvang in ons gemoedere, in ons hele wese, die vrede wat alle verstand te bowe gaan, die vrede van versoening en regverdigmaking, daardie oomblik wanneer die siel met ’n diep asemteug AMEN sê op alles wat God ter wille van ons gedoen het …”.

“Genade en vrede vir julle …” Hierdie is meer as ’n groet, dis ’n toesegging, ’n toestand van volkome geluk. Hierdie toesegging is ook joune. Elke Sondag aan die einde van die erediens hoor jy: “Genade en vrede vir julle!” Jy het dit; God gee dit aan jou – leef daaruit.

# Lofprysing as deel van die Erediens

Corrie van Wyk

Fil. 4:4: **"Laat die Gees julle vervul, sing onder mekaar psalms, lofsange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God altyd oor alles in die Naam van onse Here Jesus Christus."**

'n Erediens is 'n samekoms van die Here met Sy gemeente en in hierdie samekoms praat Hy met ons en ons met Hom. Hy praat byvoorbeeld met ons:

- **as Hy Sy seën oor ons laat uitspreek: Genade en vrede vir julle...**
- **as Hy ons na Sy Wet laat luister**
- **as Hy Sy Woord laat voorlees en verkondig.**

Hoe sal ons reageer op die Here se woordverkondiging? Is **sang** nie die hoogste manier wat God vir die mens gegee het om aan dit wat binne in die mens is, uitdrukking te gee nie?

- **Hoe sal ons beter ons dankbaarheid en bewondering vir God kan wys as met die jubelende klanke van 'n loflied?**

- **Hoe sal ons beter ons berou voor God kan uitbring as met die somber klanke van 'n boetelied?**

Psalm 147 is maar een van die talle gedeeltes in die Ou Testament waar die Here Sy kerk (hier Jerusalem en Sion genoem) direk die opdrag gee om tot Sy eer te sing. Dis opvallend hoe dikwels **die oproep tot lofprysing herhaal word.** Dit geld vandag ook vir u wanneer u die Here in die erediens ontmoet.

> **"Goeie gemeentesang ... waar mense regtig van harte vir die Here sing, is sielsverheffend."**

Die Psalmboek was vir Luther 'n gebeds- en leerboek oor gebed. Wie wil leer bid? Daar is geen handboek beter as die Psalms nie.

Luther skryf: "Elke Christen wat wil groei in gebed en vroomheid, moet die Psalms sy handboek daarin maak ... Vir my persoonlik is die Psalms God se Katkisasieboek, die Katkisasieklas van die Heilige Gees, waarin Hy sy volk al singende die hart van die Evangelie en die groot dade van God leer."

Goeie gemeentesang, soos by Pretoria-Annlin waar mense regtig van harte vir die Here sing, is sielsverheffend. Mense vir wie die genade en die vrede van die Here uitgedeel is, wíl mos loof! Sonder ware lof en danksegging is die erediens waardeloos!

Prof. P.W. Buys het eens gesê:
**"Psalmsing is die hemelvaart van die siel."**

# Die rol van die Doop in die erediens

Student Brendan Vorster



Baie van ons mag dalk dink dat dit met die doop eintlik net oor die ouers wat belowe om die kindjie groot te maak om die Here lief te hê en oor die kindjie wat by God se verbond ingesluit word, gaan. Dit gaan egter nie slégs oor die mense wat daar voor by die doopvont staan nie.

Die doop het 'n verdere en baie spesifieke doel binne die erediens. Dit is van toepassing op elke lidmaat wat daar sit en dit waarneem.

Die doop is 'n sakrament. Dit beteken dat die doop 'n sigbare teken van 'n geestelike waarheid is. Die doop verteenwoordig die afwassing van ons sondes. Soos water ons skoonwas, is die doop 'n sigbare herinnering dat God ons van ons sondes skoongewas het.

Die doel van die doop in die erediens is dus om by elke lidmaat 'n gevoel van herinnering te skep. Net soos God na hierdie kindjie kom en sê: "Ek sal vir jou 'n God wees" en "Ek was jou skoon van jou sondes" word ons herinner aan die feit dat dit ook vir ons geld.

**"Deur die doop bewys God dat Jesus werklik vir al ons sondes gesterf het en dat ons nou skoongewas is."**

Die Here het lank terug ook vir óns belowe dat Hy vir altyd ons God sal wees. Deur die doop bewys God dat Jesus werklik vir al ons sondes gesterf het en dat ons nou skoongewas is. Dit is waaraan ons almal in dankbaarheid moet dink wanneer 'n doop tydens die erediens plaasvind.

Kom ons stel dit selfs meer prakties:

**Voel jy deur die lewe ondergekry en asof jy nie meer kan nie?**

Die Here het toe jy nog nie eers daarvan geweet het nie, belowe om vir altyd jou God te wees en naby jou te wees. Sy bloed het jou skoongewas. Selfs al kry jy nou tydelik swaar, kan dit nie vergelyk met die ewige lewe wat jy ontvang omdat jou sondes skoongewas is nie.

**Spook daar een of ander sonde van die verlede by jou, of een of ander sonde wat jy nou tans mee sukkel?**

Jy is skoongewas! Die doop herinner jou daaraan!

# Die rol van die Nagmaal in die erediens

Student Brendan Vorster

**"... Jesus se liggaam en bloed werklik gebreek en gegiet is "tot 'n volkome versoening van al ons sondes" ..."**

Die nagmaal is ook 'n sakrament. Dit maak iets wat geestelik is, sigbaar. Die formulier stel dit so mooi. As ons dit effens parafraseer, klink dit so:

**Jy het nie gesien hoe Jesus se liggaam aan die kruis vir jou gebreek is nie, maar die brood wat gebreek word, is 'n sigbare bewys dat dit wel die waarheid is.**

**Jy het nie gesien hoe sy bloed aan die kruis gevloei het nie, maar wanneer jy die wyn sien, is dit 'n sigbare bewys dat dit wel gebeur het.**

**Jy kan nie sien hoe die Heilige Gees jou voed nie, maar so seker soos wat wyn en brood jou versadig laat voel, maak die Heilige Gees jou in jou geloofslewe versadig.**

Nagmaal is egter nie iets wat net die individu aanraak nie! Dit is iets wat saam gevier moet word – tydens die erediens.



Waarom? Want alhoewel die Here jou persoonlik gered het, het Hy ook sy Kerk as geheel gered. Ons kan maar net dink aan die jong gelowiges in Handelinge wat saam by die tempel byeengekom het (vir Skriflesing), saam die gemeenskaplike maaltyd gehou het (nagmaal) en saam God geprys het.

En dit is sy wil dat ons almal saam sal sien en opnuut besef dat Jesus se liggaam en bloed werklik gebreek en gegiet is "tot 'n volkome versoening van al ons sondes". En so word ons geloof saam versterk!

Saam besef ons dat dit nie net woorde is nie, maar dat dit 'n teken is van iets wat die Here Jesus werklik gedoen het en die Heilige Gees ons werklik mee versterk.

# Hoekom kerkbywoning?

Koos Vierbergen

’n Man het eendag vir my gesê: “Ek gaan kerk toe as ek ’n behoefte daartoe het. Ek kan die Here in die natuur langs die viswater net so ontmoet in dit wat ek rondom my ervaar.”

Dit is op sigself nie verkeerd nie, mens kan werklik deur die waarneming in die natuur die Here se werke raaksien en Hom daaroor loof en prys.

Maar in die konteks waarin dit gesê word, is daar ’n groot gevaar. Dit is wanneer hy sê: “as ék” – ... dit mag dalk vroom klink, maar weerspieël dit nie maar eiewillige godsdiens nie?

“As ék” na my behoefte, eredienste bywoon, wie is dan die hoofpersoon by so ’n erediens? Is dit “ek” – wat in myselfwees (slegs) getroos, bemoedig of in die geloof versterk wil word? Ja, natuurlik ook dit, want dit is net so belangrik en onontbeerlik om staande te kan bly in geloof en om vertroue in Jesus se soenverdienste te ervaar. Beleef ek dit egter opreg dat God in die middelpunt van ons eredienste staan?

**“Ons sáámwees in die erediens op ’n Sondag rus ons met krag toe sodat ons Maandag as kinders van die Here kan gaan lééf, elkeen van ons in ons eie omgewing!”**

Kom ons stel dit versigtig en nie oneerbiedig nie: Waaroor gaan dit? Gaan dit oor dit wat ék daaruit kry en/of wat God daaruit kry? In Ps. 34:4 lees ons “Sing sáám met my oor die grootheid van die Here en laat ons sáám sy Naam prys”. Twee aspekte kom hier na vore. Eerstens: die woordjie “saam”. As kinders van die Here is ons saamgevoeg soos ’n gesin met ’n pa en ma, m.a.w. geen enkelinge nie. Tweedens die woorde “sy Naam prys”. Ons kan onsself afvra of dit ook een van óns redes is om eredienste by te woon: Om saam die Here te loof en prys?

Soms word beweer dat ons eredienste maar sober is, sonder opwinding. Veral jongmense beweeg dan maklik weg na demoninasies waar hulle aangetrek en geprikkel voel deur harde musiek en op die verhoog ’n rondspringende voorganger.

Suiwere woordverkondiging bly dikwels in die slag en daarmee saam die waarheid van die evangelie.

Kom ons bly, deur die Gees gelei, met wat ons in Ps. 84 lees:

**“Hoe lief het ek u woning Here, Almagtige! Ek smag met verlange na die tempel van die Here”.**

# Ons vier saam fees: Nagmaalete

Rika du Plessis

Wonderlike dinge gebeur wanneer mense om 'n tafel kuier! So het die gesamentlike ete na afloop van ons nagmaalviering, reeds daartoe bygedra dat ons gemeente 'n bietjie nader aan mekaar leef. Daardie agterkoppe wat jy altyd in die kerk sien, het nou al gesigte, sommige het name en ander het selfs 'n storie bygekry.



Natuurlik het die saamwerkgeleenthede om voorbereidings te tref, ook die geleentheid gegee vir gemeentelede om mekaar beter te leer ken, so rondom die opsny van tamaties, kerf van blaarslaai en regtrek van tafeldoeke.





Indien jy nog nie deel gehad het aan hierdie geleentheid nie, 'n vinnige oorsig van wat om te verwag:

Met die Sosiale Komitee aan die stuur van sake word die spyskaart beplan en vinnig word daar hulp uit die gemeente aangebied met die voorbereidings die Saterdag- oggend voor die ete. Na die nagmaalviering beweeg almal na die kerksaal. Elkeen bring sy eie eetgerei om die opruim na die tyd te vergemaklik. Ons geniet 'n vroeë middagete en nagereg terwyl daar rondom die tafels gekuier word. Om die kostes te dek, dra elkeen 'n donasie na vermoë by. 'n Gemiddeld van sowat 250 lidmate woon gewoonlik hierdie geleentheid by en hoewel dit reeds 'n goeie klompie is, is daar nog heelwat lidmate wat uitmis op 'n geleentheid om mekaar beter te leer ken. Hoop ons sien jou volgende keer daar!

# Pret, Pizza en … Pretzels!?

Clarissa Rehder

Op die koelerige Maandagaand van 10 Februarie 2025, het 'n klompie van GK Annlin (en vriende) se studente en jongmense bymekaargekom vir 'n aand van saam kuier, lekker lag en natuurlik, pizza!

Die aand het afgeskop met 'n paar rondtes (of drie) se tafeltennis en veerpyltjies. Ons moes net koes vir Simon toe hy sy arm so vêr begin terugtrek! Om die tafeltennistafel, kon die groepie van 11 met mekaar gesels oor hul lewens en ook die geloofspad waarop die Here hul tans lei.

Die eerste hoogtepunt, was **Twister,** waar meer as 5 mense per rondte saam moes speel! Met Zoë as bevelvoerder, het ons behoorlik soos pretzels gedraai en gekoek om tot aan die einde uit te hou!



Daarna was almal behoorlik uitgeput en reg vir pizza. Met bord (en mond) vol, beweeg die gesprekke buitentoe. So is nuwe bande gevorm en oues versterk.

Na die ete het die reën uitgesak, maar ons het aanhou speel. Twee rondtes **Codenames** het gevolg: meisies teen seuns. Die spanleier gee 'n leidraad wat 'n klompie woorde aan mekaar bind – dan moet die span al die gepaste woorde raai. Die seuns het die eerste rondte gewen, maar die meisies het net-net die tweede rondte gevat! Daar was diep redenasies, goeie geselskap en lekker saam lag.





Die pizza-en-bordspeletjiesaand is 'n poging om ons jongmense, wat saam in die Christus-familie gebind is, bymekaar te bring sodat ons mekaar in die lewe kan ondersteun en om weer elke Maandagaand saam te kom om God se Woord te bestudeer. So versterk elkeen hul verhouding met die Here, terwyl hul ook dieper verhoudings met ander gelowiges bou.

Dit was voorwaar 'n aand vol pret, lekker eet, stywe bene en nuwe vriendskappe, wat deur God se genade, net meer en meer sal groei!

# Wat is die "Bid vir vyf" van Annlin gemeente?

Andries Leuschner

Sowat 'n dosyn lidmate het die opvolg-bespreking van die Evangelisasiekommissie se **"Bid vir vyf"** inisiatief bygewoon. Party was daar om te hoor wat dit is en ander om terugvoer te gee oor wat gebeur het sedert die vorige **"Bid vir vyf"** geleentheid.

In Matteus 9:35-38 lees ons Jesus se opdrag dat ons moet bid dat die Here mense moet stuur om die Evangelie uit te dra. In sy inleiding het Giepie van der Merwe hierdie as voorbeeld gebruik om ons as gemeente aan te spoor om ook aan die opdrag gehoor te gee.

Om dit prakties te maak vra ons dat elke lidmaat **vyf mense in sy lewe moet identifiseer waarvoor hy moet bid** dat Here jou geleentheid sal gee om met hulle te gesels. En dat jy moet bid dat Here jou sal toerus om te gesels en ook dat Hy hulle ontvanklik sal maak. Maak 'n lysie met die name en hou dit byderhand as jy bid in jou stiltetyd.

Van die terugvoer was dat dit moeilik was, maar ook dat die Here werklik mense aanraak. Dit gebeur egter nie altyd soos onsself dink dit moet wees nie. Dit was ook duidelik uit die terugvoer dat die belewenis nie vir almal ewe intens was nie.

Een waarheid wat uitgekom het, is dat God gebede verhoor en dat die resultaat groter is as wat ons kan raaksien of aan dink. Ons moet onsself oopstel om die werk van die Here te sien in verhoring van ons gebede. Die Here gee nie net die geleentheid nie, maar Hy stel jou ook in staat om dit doen.

Daar was mooi terugvoer dat wanneer die persoon waarmee jy kontak maak, 'n moeilike geaardheid het, konflik en harde woorde 'n natuurlike reaksie kan wees. Maar daar is gevind dat dit beter is om geduldig te wees en die liefde van Christus sigbaar te maak. **Dit is die Here wat harte omkeer en bekering bring.**

Die gevolgtrekking:

**Bid vir die mense wat die Here op jou pad gaan plaas.**

**Sien die geleenthede raak wat die Here op jou pad plaas.**

**Sien die mense raak wat die Here op jou pad plaas.**

**Elke lidmaat word opgeroep om in gebed moeite doen en te volhard. Doen dit en die Here se werk is groter as wat jy besef.**

**Bid dat die Here hulle sal seën.**




**Bid dat die Here hulle sal gereed maak vir gesprekke.**




**Bid dat die Here in hulle sal werk om in God te begin glo.**



# Bediening van gevangenes

Evangeliesasiekommissie

Wanneer Jesus sê "... en julle sal my getuies wees ..." (Hand. 1:8) beteken dit ons moet ons ook die evangelie aan gevangenes bedien? Mense wat in hul verlede 'n misdaad gepleeg het? Die antwoord is natuurlik **JA.** Dink maar aan Jesus se voorbeeld – die misdadiger wat langs Jesus aan die kruis gehang het en wat berou getoon het oor sy misdaad. Het Jesus dan nie ook genade aan hom bewys nie?

Die evangelisasiekommissie het onlangs aanbeveel dat ons gemeente ook betrokke raak by die bediening aan gevangenes. **Crossroads Prison Ministries**, wat ook ons kerk se belydenisskrifte onderskryf, bied tans 'n unieke program aan om gevangenes in kontak te bring met die evangelie. Hierdie is 'n persoonlike in-diepte en lang-termynprogram wat spesifiek ontwerp is om gevangenes te laat groei in 'n lewensveranderende verhouding met Jesus Christus.

Die program werk so: Jy meld jouself aan as mentor vir gevangenes. Na die oriënteringsopleiding kry elke mentor een maal per week 'n pakkie/koevert met 'n lesblad met vrae wat deur 'n gevangene ingevul is. Die gevangene se naam en tronk is op die dokument. Geen kontakinligting of naam van die mentor mag gekommunikeer of op enige wyse bekend gemaak word nie.

Die mentor moet die dokumente deurgaan en nasien, nie "merk" vir punte nie, maar adviserend aan die hand van die verwerfde toerusting en met 'n persoonlike inslag.

Hy/sy moet ook "verkeerde" antwoorde met advies reg help. Die mentor skryf ook 'n bemoedigingsbrief van 1 bladsy aan die gevangene. Jy doen dit alles by jou huis en jy hoef nêrens heen te gaan nie.

Binne 'n week word die koevert en inhoud teruggestuur. Dit is wanneer die volgende week se pakkie/koevert van 'n ander gevangene ontvang word.

Die eenmalige vooraf opleiding is baie inspirerend. Dit help jou om die taak te kan doen en daar is volgehoue ondersteuning en kommunikasie.

**Daar is tans 'n tekort aan mentors. As jy met gebed voel dat jy geroep is om hierdie geleentheid wat God op jou pad plaas aan te gryp, skakel met Johan Potgieter, die EVK sameroeper, by 082 770 4262, of stuur n e-pos na: evangelisasie@annlin.co.za**

# Belydenisaflegging: 16 Februarie 2025

Gerhard van Staden
Foto's: Marietjie Kurpershoek

Tydens dié erediens het vyf jongmense hul belydenis van geloof afgelê. Hierdie besonderse mylpaal op hul geloofspad is deur ds. Pieter behartig en was pragtig verweef in die erediens se hooftema: **Uit en In en Deur Jesus.**

Maar wat beteken geloofsbelydenis? In kort kom dit daarop neer dat wanneer 'n persoon sy of haar geloof bely, **verklaar hulle onwrikbaar in die openbaar dat hulle vertroue in God en Jesus Christus as hul Verlosser het en ook van hul toewyding aan Christelike leerstellings.** Hierdie verklaring het voor die gemeente sowel as familie en vriende plaasgevind.

Tydens die verrigtinge is daar ook 'n eksemplaar van die Bybel in Praktyk, namens die kerkraad, aan elkeen oorhandig.

Na die erediens is almal hartlik uitgenooi om gesellig in die saal byeen te kom om hierdie spesiale dag in hul lewe te vier.

Maar hoe voel hulle nou na die erediens verby is? Wat beteken die geloofsbelydenis vir hulle in hul eie woorde?

Sr. Lu-Issa Koen: **"Om voor my vriende en familie te bely, dat ek my lewe volgens die voorskrifte wat Jesus vir ons in die Bybel gee, sal lei. Ook dat ek altyd in my lewe sal probeer om na aan Jesus te bly en te lewe soos Hy."**

Br. Heinrich Goodey: **"Om my geloof te bely is vir my 'n vreugde, want ek erken daarmee dat die Here my daartoe bring om met geloof, wat Hy in my werk, op sy beloftes te antwoord. Hy is getrou aan Sy beloftes!"**

Sr. Esrie Venter: **"Dit beteken dat ek volkome saam en vir Hom, die lewe nog vérder gaan aanpak!"**

Br. Jeandré Kruger: **"Die belydenis beteken vir my baie, want dit is die begin van 'n lang pad wat ek saam met Jesus wil stap!"**

Sr. Melissa Beetge: **"Dat ek openlik kon bely waarin ek glo en dit vir die hele wêreld kan wys, waar almal rondom my kan sien wat my verbintenis met my Saligmaker en Verlosser is."**



Soli Deo Gloria!

# Afsluiting van die 2024/25 finasiële jaar

Met die afsluiting van die 2025 finansiële boekjaar, het die kerkkas 'n netto-tekort van ** getoon. Die tekort is deur die kerk se reserwe fondse gedra waar ons met die 2025-begroting addisionele fondse vir die instandhouding van die geboue en terreine bewillig het.

Ons moet egter met kommer beklemtoon dat die totale inkomste van ** vir 2025 minder was as die inkomste van die 2024-boekjaar wat op 'n bedrag van
** gesluit het. Die werklike 2025-inkomste was dus ** minder as die 2025-begroting wat beteken dat ons gemiddeld ** per maand te min ontvang het.

Die bate-instandhouding het ** beloop. Daar sal egter in die 2026-boekjaar nog aandag aan die onderhoud van bates gegee moet word. Die finansiële kommissie sal met die gemeente vergadering meer detail oor die 2025-finansiële jaar bespreek en ook die 2026-begroting toelig.

| FINANSIELE JAAR 2025 - 01 MAART 2024 TOT 28 FEBRUARIE 2025 | |
|---|---|
| **Inkomste** | **Werklik (rand)** |
| Lidmaat bydraes ontvang | ** |
| Ander Inkomstes | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (rand)** |
| Ramings | ** |
| Instandhouding: Woord bediening | ** |
| Emeriti versorging | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** |
| Bate instanthouding & verbeterings | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** |
| Student opleiding kostes | ** |
| Totale uitgawes | ** |
| **Netto tekort vir 2025** | ** |

# Afsluiting van die 2024/25 finasiële jaar (vervolg)

Vir die 2026 finansiële boekjaarbegroting, wys die kerkkas 'n netto-tekort van **. **Vir die kerkraad en die onderskeie kommissies om hulle mandaat, roeping en verpligtinge ten volle uit te leef, sal die gemeentebydraes meer positief moet wees.**

Ons dank die Here vir sy liefde, seëninge en genade dat ons as GK Annlin-gemeente nog steeds ons finansiële verpligtinge gedurende die 2025-boekjaar kon nakom. Ons glo en vertrou dat die Here ook in die 2026, die GK Annlin-gemeente, net soos in die verlede, sal seën om Sy koninkryk hier op aarde uit te bou.

| **BEGROTING - FINANSIELE JAAR 2026 - 01 MAART 2025 TOT 28 FEBRUARIE 2026** | |
|---|---|
| **Inkomste** | **Begroot (rand)** |
| Lidmaat bydraes ontvang | ** |
| Ander Inkomstes | ** |
| Evangelisasie bydraes | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** |
| **Uitgawes** | **Begroot (rand)** |
| Ramings | ** |
| Instandhouding: Woord bediening | ** |
| Emeriti versorging | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** |
| Sosiale Kommissie uitgawes | ** |
| Jeugbediening uitgawes | ** |
| Bate instanthouding & verbeterings | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** |
| Evangelisasie uitgawes | ** |
| Student opleiding kostes | ** |
| Totale uitgawes | ** |
| **Netto tekort vir 2026** | ** |

# Annlin-Sanggroep

Patrys Venter

**Efesiërs 5:19:**
**"... en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."**



Na jare se stilte, het ons weer 'n Annlin-sanggroep op die been gebring!

Nee, nie 'n koor nie – 'n sanggroep, want ons sing eenstemmig en enige een wat 'n noot kan hou en behoefte in hulle hart het om te sing tot eer van die Here, is meer as welkom om deel van die groep te vorm.

Die doel van ons groep is om lekker saam te sing, nuwe (minder bekende) psalms, gesange en liedere te oefen (ons het mos 'n dominee wat HOU VAN SING en ons kennis van wysies gereeld toets! 😊) sodat ons bietjie leiding kan neem tydens eredienste wanneer die gemeente sukkel met 'n nuwe wysie. Ons beplan ook om by spesiale geleenthede wat in ons gemeente plaasvind, op te tree.

Ons is tans so 15 aktiewe lede en het alreeds ons kennis met 6 minderbekende liedere uitgebrei. Ons oefen ook tans 'n paar liedere wat geskik sal wees vir ons Paasprogram en hoop om ons eerste "optrede" dan te kan hê.

Ons is gelukkig om ook 'n paar formidabele sangers in ons sanggroep te hê, wat lekker leiding neem vir dié van ons wat nie so seker van ons saak is nie.

Ons oefen elke **Sondag van 17:30 – 18:00** in die kerk en enigeen wat lus is om te sing, is welkom om net op te daag tydens oefeninge en te kom saamsing.

Alternatiewelik, kan jy by ons whatsapp-groep aansluit deur hierdie kode te skandeer of op die ikoon te kliek:


**Psalm 147:1:**
**"Prys die Here! Dit is goed om tot lof van God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom."**

# Ons gemeente se betrokkenheid in Mosambiek

Johnny Beumer

Hoe het dit gebeur dat Pretoria-Annlin gemeente betrokke geraak het by sendingwerk in Mosambiek? Dit het begin in 2010 toe 'n lidmaat van Gereformeerde Kerk Strand, sr. Dirkie Meyer, met ons kom praat het. Ons glo dat die Here haar na ons gestuur het en ons geroep het om betrokke te raak.

Ons eerste uitreik was in 2011 en daarna het ons gereeld spanne na Mosambiek gestuur om die gelowiges van die Igreja Reformada em Moçambique (IRM - Gereformeerde Kerk in Mosambiek) te bemoedig en toe te rus om die evangelie verder uit te dra.




Aanvanklik het ons uitreikers saam met Strand-gemeente in die Zambezia Provinsie gewerk. Daar het 'n mooi verhouding ontstaan tussen die Tumbine Sinode van die IRM en ons gemeente. Die behoefte het al groter geword vir ons uitreikspanne om meer noord te werk in onbereikte gebiede en op plekke waar nuwe gemeentes tot stand gekom het.

So het dit gebeur dat ons ondersteuning verleen het aan die klein gemeente in die stad Nampula, hoofstad van die provinsie met dieselfde naam, asook 'n klein gemeente in die hawestad Nacala en 'n gemeente in die distrik Ribaué.

Pastor Samuel Pedro het hom geroepe gevoel om hierdie drie klein gemeentes te bedien en het in 2022 met sy gesin na Nampula verhuis. Ons gemeente ondersteun die dominee deur kwartaalliks 'n oorlewingstoelaag te stuur en om vir sy vervoer na Nacala en Ribaué te betaal.

Hierdie twee gemeentes is 200 km van Nampula geleë – een in 'n oostelike rigting en die ander een in 'n westelike rigting. Die dominee kan dan een keer elke maand onderskeidelik na hierdie twee plekke reis. Daar het ook 'n behoefte ontstaan om 'n groepie gelowiges in die dorp Montepuez in die Gabo Delgado-provinsie te bedien. Ons gemeente stel vir pastor Samuel in staat om een keer per kwartaal die 400 km per bus na Montepuez af te lê. Pastor Samuel doen uitstekende werk en die gemeentetjies groei stadig maar seker op hierdie vier plekke. Tans is daar reeds 18 belydende lidmate in Ribaué, 14 in Nampula en 16 in Nacala. Ons dank die Here daarvoor.

Ons gemeente wil nou 'n motorfiets vir pastor Samuel aankoop om die vervoer, veral op die bospaadjies van die Ribaué wyke, makliker te maak.



Op die foto is die Pedro-gesin. Agter staan v.l.n.r. die moeder, Tokozane, pastor Samuel en Daniel, wat 18 jaar oud en tans in gr.12 is. Net voor Daniel is Amiltone – hy is 14 en in gr. 9. Voor hom staan Leticia – sy is 10 jaar oud en in gr. 5 en heel voor is die jongste, Chelcia, wat 4 jaar oud is.

# Nuwe uitdaging vir ons bybelverspreiding

Johnny Beumer

> **"U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."**
> **Psalm 119:105**

Hoe het die Here ons gemeente se werk nie geseën nie? Ons kon altesaam **657 Bybels** in mense se hande plaas! Die teiken vir verlede jaar was 500 Bybels en die teiken is grootliks oorskry!

Bybels in al ons land se amptelike tale asook in Zimbabwe se Shona-taal en Mosambiek se Portugees, Lomwe-, en Makhuwa-tale is voorsien.

Die meeste Bybels is by ons tweedehandse goedere verkopings teen 'n gesubsidieerde prys van **R20/Bybel** verkoop. Verder was daar verkope vanuit die kerkkantoor en skenkings wat ons kon maak aan gemeentes in Mosambiek en aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Mmakau.

Op aanbeveling van die Evangelisasiekommissie het die Kerkraad besluit om die teiken vir **2025/26 na 650 Bybels** op te stoot. Dit is regtig 'n groot uitdaging omdat nuwe Bybels aangekoop word met fondse wat gegenereer word met die tweedehandse verkopings. In die 2024/25 boekjaar het die Tweedehandse Verkoping Diensgroep altesaam **R40 643** ingesamel terwyl die aankoop van nuwe Bybels **R83 662** beloop het. Dit beteken dat die tweedehandse verkopings byna die helfte bydra tot die Bybelaankope en die ander helfte moet uit skenkings gefinansier word.

Ons doen 'n beroep op ons lidmate om gereeld voorbidding te doen vir hierdie besonderse projek en dat diegene wat dit kan bekostig 'n gereelde skenking sal maak vir verdere Bybelaankope.

Skenkings kan in die **Evangelisasierekening** inbetaal word **(ABSA 4062943741)** met **"Van.Bybels"** as verwysing.

| Stand op 28 Februarie 2025 | |
|---|---|
| **2e Handse Verkoping** | **389** |
| **Kerkkantoor Verkope** | **204** |
| **Klankbybels Mosambiek** | **12** |
| **Boekbybels Mosambiek** | **32** |
| **Skenking aan Mmakau** | **20** |
| **Totaal** | **657** |

# Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek



## Gerhard en Ria van Wyk

Gedurende die tweede helfte van 2024 het Gerhard en Ria van Wyk vanaf Westonaria na die Rietfontein-area getrek om by hul dogter en skoonseun op die erf te kom bly. Met verloop van tyd het hulle ons eredienste begin bywoon en met die laaste Nagmaalsviering het hulle deel van ons gemeente geword.

Beide Gerhard en Ria het in die Goudstad (Johannesburg) opgegroei. Hulle het mekaar tydens 'n toe-oog-afspraak leer ken kort nadat Gerhard van grensdiens teruggekeer het. Hulle is in 1973 getroud en die Here het hulle met drie kinders geseën. In die oupa-en-ouma-kompetisie oor wie die meeste kleinkinders het, stof hulle gereeld die ander oupas en oumas uit met hul nege kleinkinders.

Gerhard het homself as ingenieur bekwaam en het aanvanklik vir die Spoorweë stelsels ontwikkel voordat hy en Ria met 'n spysenieringsbesigheid begin het. Uiteindelik het hulle vir die laaste meer as tien jaar 'n gastehuis bedryf, wat gedurende 2024 sy deure gesluit het toe Gerhard en Ria by hul dogter kom bly het.

**Gerhard en Ria: Ons is dankbaar ons Here het julle deel van sy gemeente hier in Annlin kom maak. Mag julle met jul gawes diensbaar wees en mag ons Here julle elke dag in sy hand hou!**

## Francois Venter



Gedurende 2024 het Simon Theron vir Francois Venter gesê: Kom woon saam met ons aan ons eredienste by! Francois het hierdie uitnodiging aanvaar en so het sy pad met ons gemeente begin!

Francois bly in Ninapark saam met sy ouers, Bernard en Ida. Sy sussie is tans in Engeland, terwyl sy broer in die ooste van Pretoria bly. Francois was aanvanklik saam met sy ouers deel van GK Andeon voordat hulle deel van NG Wonderpark geword het.

Francois was in die Gereformeerde Laer- en Hoërskool Dirk Postma en het toe by Open Windows gaan studeer. Hy het aanvanklik vir 'n maatskappy in Centurion 3D-animasie gedoen, maar is die afgelope twee tot drie jaar in sy eie bedryf waar hy rekenaarspeletjies ontwikkel.

**Francois, hartlik welkom! Mag jy saam met ons ons Here met oorgawe dien en mag jy beleef hoe Hy jou in staat stel en gebruik om saam met ons almal diensbaar te wees!**

# Ons leer ken ...

## JL en Vida Els



As jou pa en ma (Anton en Lynette Penzes), jou oupa en ouma (Jan en Carroll Smith) en jou tannie en oom (Veronica en Jan Maritz) deel van GK Pretoria-Annlin is én jy van jou familie hou, dan eindig jy (en jou man) saam met jou familie in die gemeente. Dit is wat JL en Vida Els beleef het en daarom het hulle nou by ons as gemeente begin inskakel.

Beide JL en Vida het in Pretoria opgegroei. JL het homself aan die Belgium Campus ITversity in die IT-wêreld bekwaam, terwyl Vida by Akademia Ondernemingsbestuur baasgeraak het. Terwyl JL by Epi-Use sagteware ontwikkel, is Vida as besigheidsanalis by 'n ingenieursfirma in Lynnwood-omgewing werksaam.

JL en Vida is 4 jaar gelede getroud en het in hierdie tyd eers in 'n woonstel gebly, toe in Pafuri Mews vir twee jaar, terwyl hulle nou in Lee Marvinpark bly waar tannie Dicky Venter 'n oog oor hulle kan hou!

Hulle was lidmate van GK Montanapoort waar Vida by die kategese betrokke was en JL as diaken gedien het.

JL en Vida gebruik CrossFit om redelik fiks te bly en geniet dit om te gaan kamp en met hul 4x4 die mooi van ons land en buurlande te beleef.

**JL en Vida: Mag julle met die energie wat ons Here gee, diensbaar wees in ons gemeente, maar ook in ons gemeenskap en mag julle saam met julle "Smith-familie" ook voluit deel van die Annlin-familie word!**

# Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe

## Susters

Magda du Toit

Benewens die liefdesdienste wat die diakonie verrig, is daar 'n aantal diensgroepe binne die gemeente wat hulle vir 'n spesifieke taak beywer bv. kleuterbediening, voorbidding en evangelisasie. Die Susters vorm deel van dié diensgroepe.

Ons gemeente is in wyke ingedeel en elke wyk het 'n wyksuster. Uit die wyksusters is daar 'n bestuur saamgestel wat gereeld bymekaarkom en die aktiwiteite wat voorlê, bespreek en beplan.

Behalwe fondsinsamelings vir die instandhouding van die kombuisfasiliteite, wat nou verwant is aan die Susters se aktiwiteite, verseker die Susters ook dat daar elke Sondag na kerk tee, koffie en koeldrank bedien word. Daardeur kan die gemeente na kerk, terwyl hulle wag vir die kinders wat by die katkisasie is, lekker gesels en meelewing toon. Ons stel ook die fasiliteite vir kuier na die aanddiens beskikbaar.

Die Susters is ook verantwoordelik vir die tee en verversings by begrafnisse en ander spesiale gemeentefunksies, byvoorbeeld die senior lidmate se heerlike bederfete twee maal per jaar.

Vanjaar wil ons spesifiek uitreik na die vroulike lidmate en gaan probeer om 'n heerlike saamkuier te reël waartydens daar 'n spreker en/of vermaaklikheidskunstenaar gaan wees. Benewens dié verrykingsdoelwit, wil ons ook graag geld insamel vir ons Paul Kruger-kinderhuise.

Wat ons uitreikaksies betref, probeer ons werklik om te kyk waar die nood die hoogste is. Ons het die afgelope paar jaar hulp verleen aan ouetehuise in die omgewing, asook spesiale projekte ten bate van ons kinderhuise.

Om hierdie liefdesdiens uit te voer, vra ons van elke Suster 'n bydrae van R300/jaar. Hierdie bedrag kan eenmalig in die Susters se rekening betaal word of, as dit verkies word, kan die bedrag in maande opgedeel word en kan jy R25/maand per aftrekorder inbetaal.

Enige navrae oor die Susters kan aan **Magda du Toit, magda.du.toit@outlook.com,** gerig word. As jy by enige van ons aksies betrokke wil raak, of enige voorstelle het, is jy ook welkom om met Magda in verbinding te tree.

Die Bestuur van die Susters bestaan uit:

**Magda du Toit – Voorsitter**
**Marietjie Nortje – Tesourier**
**Carla Scheepers – Sekretaris**
**Aida Page – Teeskinkbeurte en begrafnisse**
**Marietjie Kurpershoek**
**Ina du Plessis**

Kinderhoekie

# Vervolgverhaal:
# Mia se mannewales – Deel 5

Nicola du Plessis

My hart mis 'n slag. Ek word yskoud. Daar is nou beslis 'n hele paar stemme by die voordeur. Ek trek soos blits my skoolklere uit en pluk gemaklike klere en 'n paar sport-tekkies aan.

Ek gryp die ruimtewese, glip by die agterdeur uit en verdwyn om die hoek, reguit parkie toe. Ek gaan sit onder 'n boom om eers weer my asem terug te kry. Na 'n ruk sien ek Tannie Rachel se motor om die draai kom. Sy sien my en hou stil. Sy sluit haar motor af en kom na my toe aangestap.

"Mia, wat het jy gedink?" vra sy vies. "Mens hardloop mos nie net weg nie! Kom, hulle is weg. Die DBV sê dat hulle nie 'n sertifikaat het om ruimtewesens te konfiskeer nie. Dit is die eerste keer wat hulle oor só iets geskakel word. Hulle moet eers uitvind wat om nou te doen."

Ons stap terug na haar motor. By die huis beduie Tannie Rachel dat ons motorhuis toe moet gaan. Groot is my verbasing toe ek sien my ma is besig om 'n ruimteskip te bou!

"Vanaand stuur ons jou terug na waar jy vandaan kom," sê sy vir die ruimtewese "anders hou Mia nóóit op hardloop nie."




**Jongmensjolyt**

# Inkleurprent

**Kom ons lees: Psalm 84: 1-3**

Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm.
Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!
Ek versmag van verlange na die tempel van die Here;
met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God ...




Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Kleur dan die prentjie in, en as jy wil, kom plaas hom op die kennisgewing bord in die voorportaal by die kerk!

**Kleuterpret**

# Onse Vader gebedsblokkie

Maak n afskrif van hierdie bladsy om jou eie Onse Vader gebedsblokkie te maak.



# Briewekolom

Geagte redakteur

Ek reageer op die artikel wat gehandel het oor teksverse wat vir persone uitstaan. Die artikel het my onmiddelik aan 'n skatkis laat dink waaruit kosbaarhede glinster wanneer die deksel gelig word.

'n Teksvers het op verskillende tye van ons lewens 'n bepaalde uitwerkings op ons. Wat noú vir my 'n anker is en waaraan ek krampagtig vashou, is vir 'n ander persoon moontlik 'n belydenis van hoé God hom/haar jare gelede reeds versterk het.

Ek dink ons kan mekaar verryk deur hierdie "stepping stones" te deel. Ons kan mekaar vertel watter teksverse ons gehelp het om nie deur die stormwaters van die lewe meegesleur te nie. Ons kan ook daardie gedeeltes met mekaar deel wat gehelp het dat ons vrolik oor 'n kabbelende stroompie gespring het.

Een van my gunsteling verse is Psalm 46:11: **"Bedaar en erken dat ek God is."** Sommige vertalings gebruik "wees stil", maar vir my hou die woord, bedaar meer betekenis. Dit help om mens kalm te hou.

Ek het die teks by Ds. Bob Rebel gehoor, en enkele dae later, in 'n biblioteekboek 'n vergete boekmerk gevind met hierdie teks op en waarop die woorde. "Bedaar", "erken" "God" en "is" beklemtoon is. Ek het die boekmerk geneem.

Agterna het MY teks al baie raakgeloop, as geskenk gekry, en het selfs 'n koffiebeker waarop die woorde is. Dit lê my baie na aan die hart en ek hoop dat dit vir nog mense 'n anker kan word.

Rita Kruger

# Het jy geweet?

Gerhard van Staden, met waardevolle insette en insigte verskaf deur ds. Pieter Kurpershoek ~
[Bron: https://weet.co.za/geloof/die-belydenisskrifte/

Daar is 2 soorte belydenisse, naamlik 'n **geloofsbelydenis** ('n openlike verklaring van geloof) en 'n **skuldbelydenis** ('n openlike verklaring van skuld). Die volgende belydenisskrifte word grotendeels in Suid-Afrika aangetref, alhoewel daar etlike ander ook te vinde is:

- **Heidelbergse Kategismus**

Besondere belydenisskrifte, ook bekend as die **"Drie Formuliere van Eenheid".** Dit dui aan dat ons gereformeerde Christene is wat die gereformeerde leer aanvaar.

- **Apostoliese Geloofsbelydenis**

Algemene belydenisskrifte waarmee ons erken dat ons Christene is. Dit word deur die meeste Christene wêreldwyd aanvaar.

- **Nederlandse Geloofsbelydenis**
- **Dordtse Leerreëls**
- **Geloofsbelydenis van Nicea**
- **Geloofsbelydenis van Atanasius**

# Snuffelfontein


## Plaas jou advertensie gratis!

Lidmate mag gratis in die **Fontein Maandblad** adverteer mits dit aan die standaarde voldoen. Hierdie vergunning geld egter slegs vir ons gemeente se eie lidmate. Met hierdie rubriek wil ons graag die geleentheid skep dat ons as lidmate mekaar ondersteun!

SR. RENATE WANNENBURG
WONDSORG / WOUND CARE
Kontak no: 082 443 7081
Practice no: 0214876
332 Fred Nicholson Ave, Mayville



Vrugte @ Renate
Verskeidenheid gevriesde vrugte beskikbaar per kg.
Kontak vir Renate by 082 443 7081.




MIDNIGHT MARKINGS
(Drukwerk) Kontak my vir al jou drukbehoeftes!
Suzanne Esterhuizen:
072 211 8735

# Blokadvertensies



**Donasies vir die aankoop van 'n motorfiets vir Pastor Samuel Pedro kan direk in die EVK rekening inbetaal word:**
**ABSA Tjek**
**Tak: 632005**
**4062 94 3741**
**Verwysing: Motorfiets**



## Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angsversteuring of verslawing?
Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za









Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: